# Doeltreffende braaikuikenproduksie: Moenie kortpaaie neem nie!

*Deur André Bezuidenhout (Pri.Sci.Nat.), Feedtek*

Braaikuikens is algemeen bekend vir hul baie vinnige groeitempo en goeie voeromsetverhouding. Die afgelope 20 jaar het die slagouderdom van 'n 2kg braaikuiken van 60 dae tot tussen 35 en 40 dae of minder afgeneem. Die vinniger groeitempo vereis dus meer noukeurige en suksesvolle algehele bestuur.

Hou die volgende twee kenmerke van die moderne braaikuiken altyd in gedagte:

- Die tipiese voeromset van kuikens neem toe met ouderdom, vanaf sowat 1,2kg aanvanklik tot sowat 2,6kg voer per kilogram lewende gewigstoename met slagouderdom.
- Die verbeterde groeitempo en gevolglike slag in 'n vroeë stadium van volwassenheid, kan ook laer karkasvet tot gevolg hê.

## Eerste week = dermontwikkeling

Die eerste week van 'n kuiken se lewe word gekenmerk deur verskeie fisiologiese veranderings wat in aanmerking geneem moet word by behoorlike voorsiening in die kuiken se voedingsbehoeftes. Gedurende die eerste week neem die dunderm ongeveer drie keer in gewig toe as gevolg van villi-ontwikkeling om die voedingstofabsorpsievermoë te verhoog.

Die vinnige ontwikkeling van die spysverteringstelsel, relatief tot die ander orgaanstelsels, dui verder daarop dat baie van die energie- en proteïenbenutting aanvanklik daarvoor aangewend word. Die vinnige ontwikkeling van, en groter spysverteringstelsel, het egter verhoogde voerinname asook 'n langer retensietyd van voer tot gevolg, wat verteringsdoeltreffendheid en voeromset verbeter. Die suksesvolle ontwikkeling van die spysverteringstelsel het verder ook 'n positiewe uitwerking op die ontwikkeling en onderhoud van die immuunstelsel.

Die kuiken moet dus so gou as moontlik na uitbroei kan begin vreet, sodat vertering kan begin. Dit sal die spysverteringskanaal se ontwikkeling stimuleer en opname van voedingstowwe bevorder. Onmiddellike en voortdurende toegang tot voer is baie belangrik. Op 'n ouderdom van sewe dae is lewende gewig gekorreleer met voerinname.

In die eerste week het kuikens nog nie die vermoë om by laer temperature aan te pas nie. Daarom is 'n temperatuurbeheerde omgewing soveel belangriker gedurende hierdie fase.

## Bestuur van die voerbak

Onvoldoende voedings- en voerbakbestuur het 'n groot invloed op inname, vermorsing, en dus voeromset en groei. Kleiner hoeveelhede voer wat meer gereeld aangebied word, sal vermorsing voorkom, voeromset positief beïnvloed, en kuikens stimuleer om meer te vreet. Dit het ook 'n positiewe uitwerking op die aanpassing van kuikens by outomatiese voerders.

Waak egter teen die te vroeë hoër verstelling van outomatiese voerstelsels wat kan lei tot onvoldoende inname en swakker groei, asook minder eenvormigheid tussen kuikens weens onbereikbare vreetspasie.

Wanbalanse in die aminosuurprofiel kan onvolledige ontwikkeling van die spysverteringstelsel tot gevolg hê. Gebalanseerde proteïenvoeding is dus noodsaaklik vir optimale groei. Proteïen word hoofsaaklik voorsien deur oliekoeke wat deur middel van vertering afgebreek word tot aminosure. Hierdie aminosure het 'n belangrike invloed op groei, aangesien dit belangrike boublokke van alle weefsels, soos spiere, is. Minimumvlakke en verhoudings van sekere aminosure is egter belangriker as 'n spesifieke totale proteïenvlak in rantsoene.

Te veel van 'n sekere aminosuur moet deur die kuiken uitgeskei word, wat energie gebruik. Te min van 'n sekere aminosuur, daarenteen, stop byvoorbeeld spierselontwikkeling, omdat die boublokke in 'n sekere verhouding aanmekaargesit moet word. Gevolglik kan die insluiting van sintetiese aminosure belangrike ekonomiese implikasies inhou, sonder om groei nadelig te beïnvloed. Laer proteïenvlakke, wat aminosuur-gebalanseerd is, kan ook lei tot laer stikstof- en voginhoud in die misuitskeiding, wat voordelig is vir die algemene gesondheid van kuikens.

## Voorsiening van energie

Energie word voorsien deur koolhidrate afkomstig van grane asook olie- of vetprodukte, en is nodig vir weefselgroei en die onderhoud van liggaamsfunksies. Let wel dat sommige resultate daarop dui dat koolhidraatbronne beter verteerbaar is as vette, veral gedurende die eerste week.

Namate kuikens groei, neem hulle daaglikse voerinname vinnig toe, terwyl energiebehoeftes relatief tot proteïen- en aminosuurbehoeftes ook toeneem. Dit is dus belangrik om die voedingsprogram gedurende die groeitydperk aan te pas en ook om die styging in daaglikse voerinname in aanmerking te neem. Fasevoeding word suksesvol toegepas om vir hierdie veranderinge voorsiening te maak en kan tot vyf fases insluit.

Vervolgens 'n voorbeeld van 'n drie-fase voedingsprogram:

- Aanvangsvoer gedurende die eerste sewe tot 14 dae.
- Groeivoer vanaf dag sewe tot 14, tot ongeveer dag 28.
- Afrondvoer vanaf ongeveer dag 28 tot en met slag.

Die totale voerinname van 'n braaikuiken tot en met slag, is sowat 5kg.

## Ander voedingsfaktore

Makrominerale word benodig vir metaboliese prosesse, immuunstelsels en beenontwikkeling. Mikrominerale is ook noodsaaklik vir metaboliese funksies en dus vir optimale groei. Vitamiene is essensiële mikrovoedingstowwe wat die

kuiken benodig vir optimale metabolisme en immuniteit. Optimale inname van vitamiene is dus nodig vir kostedoeltreffende dieregesondheid en -produksie. Vitamientekorte lei tot metaboliese steurnisse wat aanleiding gee tot vertraagde groei en swak immuniteit.

Waak teen anti-voedingsfaktore – sekere voerbronne wat in rantsoene gebruik word bevat komponente wat doeltreffende vertering verhinder. Hierdie komponente word egter grootliks deur prosesse soos hittebehandeling geneutraliseer. Die insluiting van spesifieke ensieme in rantsoene kan 'n belangrike rol vervul om die benutting van sekere voedingstowwe in voerbronne te verbeter.

Voldoende, skoon drinkwater en voldoende drinkspasie is belangrik. Laer waterinname lei tot laer voerinname wat weer tot swakker groei lei. Kuikens se daaglikse waterinname is ongeveer 1,6 tot twee keer die gewig voer wat ingeneem word.

## Goeie algemene bestuur

Saam met gebalanseerde voeding verg optimale en doeltreffende braaikuikengroei ook hoë standaarde ten opsigte van sorg, behuising en bestuur. Die volgende is onder meer belangrik vir sukses:

- **Broeikasbestuur:** Kuikengehalte het 'n belangrike oorspoeleffek op die optimale ontwikkeling van die spysverteringstelsel, en gevolglik ook die doeltreffendheid van voerbenutting.
- **Dag- en nagsiklusse:** Lig kan gebruik word om voerinname te manipuleer. Kort, donker tydperke met maksimum ligintensiteit gedurende die eerste vier dae, stimuleer die kuiken om te vreet en drink. Daarna kan 'n enkele donker tydperk (vier tot tien ure) toegepas word.
- **Omgewingstemperatuur:** Die minste wisseling verseker die beste groei. 'n Koeler omgewing lei tot 'n laer liggaamstemperatuur wat voerinname verlaag, want van die voedingstowwe word aangewend om normale liggaamstemperatuur te onderhou en is dus nie beskikbaar vir groei nie.
- **Hittestres** verhoed doeltreffende produksie deur swakker groei (weens laer voerinname) en meer vrektes. Kuikens handhaaf hul liggaamstemperatuur redelik gemaklik by temperature van sowat 20 tot 27°C.
- **Misgehalte:** Die vloerbedekking absorbeer vog vanuit misuitskeiding; oormatige vog kan 'n teelaarde vir siektetoestande skep.
- **Siektes:** Subkliniese koksidiose en ander siektes belemmer doeltreffende voedingstofopname en lei tot swakker groei.
- **Biosekuriteit** is belangrik vir optimale gesondheid en groei. Voerbronne, en dus die finale voer, moet vry wees van enige muf wat kan lei tot mikotoksiene wat vertering en groei aansienlik benadeel.

## Kortom

Die moderne braaikuiken is geneties gerat om geweldig vinnig en doeltreffend te groei. Die kuikens moet egter ondersteun word met die korrekte voeding en bestuur om hul potensiaal te ontsluit. Hul genetika laat geen kortpaaie toe nie. VP

Vir meer inligting, epos andre@feedtek.co.za of besoek *www.feedtek.co.za*.

FEEDTEK

SPESIALIS VEEVOER KONSENTRATE



GROEI MET FEEDTEK!

Meng maklik **hoë kwaliteit koste-effektiewe braaikuiken voere** tuis met Feedtek spesialis **pluimvee konsentrate** vir **optimale groei, voeromset** en **gesondheid**!

086 111 5362
info@feedtek.co.za
www.feedtek.co.za
Feedtek Animal Feed Solutions
feedtek_animal_feed_solutions

Jou naaste agent